

14 Junie

**Skrifgedeelte: Esra 3**  
**Fokusgedeelte: Esra 3:13**

### **Vrolikheid en olikheid**

Momentum veroorsaak vanselfsprekend verandering. So kry die Israëliete vanweë die momentum van God se koninkryk ook met verandering te doen. Die verandering raak nie alleen hulle omgewing, hulle omstandighede en hulle roeping nie, dit raak uiteindelik ook hulle kerk. Die Israëliete sou 'n nuwe tempel bou (3:20).

Dit is veranderinge op kerklike gebied wat die heel moeilikste verwerk word. Soos in ons Skrifgedeelte, is dit ook vandag op hierdie terrein baie moeilik om tussen die "gejubel" en die "gehuil" te onderskei (3:12). Veral die ouer Israëliete, wat nog die eerste tempel geken het, huil as die fundamente van die nuwe tempel gelê word. Dis vir hulle nie dieselfde nie. Die jonger mense jubel en sing (3:11). Hulle ken niks anders nie.

Jonk en oud bly egter steeds God se volk, deel van sy momentum. Hulle bly 'n eenheid, aan mekaar verbonde, want te midde van al die verandering is daar ook dinge wat presies dieselfde bly. Die brandofferaltaar (skuldbelydenis) word op presies dieselfde plek opgerig (3:3). Die feeste wat Israel se verlossing herdenk, word nougeset gevier (3:4-5). Die dankoffers word getrou gebring (3:5).

Verandering is onvermydelik, want God se koninkryk het momentum. Solank skuldbelydenis, verlossing (Christus) en dankbaarheid presies dieselfde (sentrale) plek bly behou, sal jonk en oud uiteindelik tog tuis voel. Dan sal niemand later meer die gehuil tussen die blye gejubel deur hoor nie, so hard sal die mense jubel (3:13).

*Sing: Psalm 136:1-3*

*Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*